REFLEKSIE

Dinsdag

“En Ek sal die Vader vra om julle ’n ander Raadgewer te stuur om vir altyd by julle te wees. Dit is die Gees van die Waarheid. Die wêreld is net nie in staat om Hom te ontvang nie omdat Hy Hom nie sien of ken nie. Julle ken Hom egter omdat Hy by julle gaan bly en in julle sal woon.” Joh. 14:17.

Die Heilige Gees as ons Raadgewer is ook ons Leermeester, ons Gids. Reflekteer oor die vrae, praat met die Here daaroor en maak notas van jou gewaarwordinge in jou joernaal.

1. Op watter manière het jy die Heilige Gees se leiding in jou dag ervaar?

2. In watter oomblik van jou dag het jy na Sy raad verlang?

3. In watter situasie het jy nou Sy raad en wysheid nodig?